

Memorandum: Voorbeeld van 'n toets

Afdeling A: Leesbegrip

Vrae en voorgestelde memorandum

1. Watter verband is daar tussen die eerste twee paragrawe van die leesstuk? (2)
Paragraaf 1 dui aan dat die ouerpaar 'n ongewone probleem het. In paragraaf twee word die probleem verduidelik, nl. 'n seuntjie wat nie gekeer wil word as die lus hom pak om tromme te speel nie. (2)
2. Dui die kontras ten opsigte van sy seun aan in die pa se woorde in paragraaf 4. (2)
Die seuntjie speel soos 'n professionele speler, maar hy drink nog 'n bottel. (2)
3. Hoe oud was Daniël toe hy in tromspeel begin belangstel het? Watter leestegniek het jy gebruik om hierdie antwoord te kry? (2)
Sewe maande oud. Soeklees. (2)
4. Is die volgende stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord uit paragraaf 5. Daniël het van kleins af 'n aanvoeling gehad vir tromspeel. (2)
Waar. In paragraaf 4 lees ons dat hy die tromme soos 'n grootmens tik. (2)
5. Is paragraaf 6 en 7 aaneenskakelende of teenstellende paragrawe? Motiveer jou antwoord. (2)
Aaneenskakelende paragrawe. In paragraaf 6 sê hulle Daniël het 'n kunstenaarstemperament. In paragraaf 7 word verduidelik wat hy doen wat gelykgestel kan word aan 'n kunstenaarstemperament. (2)
6. Hou Daniël daarvan as sy pa saam met hom musiek maak? Motiveer jou antwoord. (2)
Nee, hy wil alleen speel en die ster van die vertoning wees. (2)
7. Watter afleiding kan jy uit bostaande spotprent maak? (1)
Die man hou nie van sy vrou se ma nie. Die man gaan sy vrou se ma se nek afkap. (1)
8. Wat noem ons die ma van iemand met wie jy trou? (1)
Skoonma. (1)
9. Bestudeer die visuele uitbeelding en beskryf met een woord die vrou se gesigsuitdrukking. (1)
Geskok. (2)

Totaal Afdeling A: 15 punte

Afdeling B: Taalstrukture

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Gebruik die woord *middel* (paragraaf 1) en dui aan hoe twee verskillende letters dieselfde klank kan voorstel. (1)
Die *i*- en die *e*-klank klink dieselfde, maar word deur twee verskillende letters voorgestel. (1)
2. Skryf die woord *normale* (paragraaf 3) oor en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra. (1)
Normale. (1)

3. Skryf uit die eerste sin 'n voorbeeld neer van:
'n diftong – **Hy (1)**
'n lang vokaal – **Meer / loop (1)**
4. Die woord *Weskus-kat* (paragraaf 1) word met 'n koppelteken geskryf, omdat dit 'n eienaam gekoppel aan 'n soortnaam is. Gee die rede waarom die woord *fluit-fluit* met koppelteken geskryf word: (1)
Herhalingsamestelling. (1)
5. Skryf uit paragraaf 1 'n woord neer wat **baie groot** beteken. (1)
Knewel. (1)
6. Waarom word die woord *middellyf* (subtitel) met 'n dubbel l beskryf? (1)
Die woord is 'n samestelling. Die eerste basis eindig op 'n l en die tweede basis begin met 'n l. (1)
7. Verdeel die woord *middel* in:
7.1 Klankgrepe **mi/(d)del (1)**
7.2 Lettergrepe **mid/del (1)**
8. Die woord *lêplek* (paragraaf 2) word met 'n kappie geskryf om 'n lang uitgerekte klank aan te dui. Skryf die volgende woord *brue* oor en plaas 'n kappie op indien nodig. (1)
Brûe (1)
9. Die woord *dieet* (paragraaf 2) word sonder 'n deelteken geskryf. Skryf die woord *koöperasie* oor en plaas deeltekens op indien nodig. (1)
Koöperasie. (1)
10. Skryf die bepaler neer van die woord *waslappie* (paragraaf 3) neer. (1)
Was = bepaler. (1)
11. Skryf neer of die volgende woorde gevorm is deur afleiding, samestelling of samestellende afleiding.
11.1 normale (paragraaf 3) – **Afleiding (1)**
11.2 wêreldrekord (paragraaf 5) – **Samestelling (1)**
11.3 vierpotige (paragraaf 5) – **Samestellende afleiding (1)**
12. 'n Weduwee is iemand wie se man dood is. Skryf die persoonsnaam neer vir 'n man wie se vrou oorlede is. (1)
Wewenaar (1)
13. Die kat wat die rekord hou as die vetste kat woon in Australië. Wat noem ons die mense wat in Australië woon? (1)
Australiërs (1)
14. Wanneer word na iemand as 'n *losbek* (raampie 1) verwys? (1)
'n Losbek is iemand wat nie 'n geheim kan hou nie/baie skinder. (1)
15. Skryf die meervoud van die woord *buurman* (raampie 1) neer. (1)
Bure. (1)
16. Vervang die woord *daai* (raampie 1) met 'n beter woord. (1)
Daardie (1)

17. Wat gebeur as 'n mens *handgemeen raak*? Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte nommer neer, byvoorbeeld 17c.
- Mense skreeu op mekaar.
 - Los 'n probleem op deur daaroor te gesels.
 - Slaan mekaar met die vuis. (1)**
18. Die woord *lui* in raampie 1 beteken die man wil niks doen nie. Gebruik nou die woord *lui* in 'n verhelderende sin in 'n ander betekenisverband. (1)
- Die klok lui. (1)**
19. Wat is die betekenis van die voorvoegsel on- in die woord *onfiks* (raampie 2)? (1)
- Nie. (1)**
20. Verklaar die gebruik van die komma in raampie 3. (1)
- Voor die voegwoord *maar* kry jy 'n komma. (1)**
21. Die woord *lyk* kom in raampie 3 voor. Hoe sal die betekenis van die woord *lyk* verander as dit oorrond word? Maak 'n sin met dié woord om die betekenis daarvan aan te toon. (1)
- Luik. Die luik voor die venster is oop. (1)**

Totaal Afdeling B: 25 punte

Groottotaal: 40 punte